

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 17

### Inleiding

Hoofstuk 17 en 18 vorm 'n eenheid.

- Hoofstuk 17 openbaar die groot hoer. Vers 1 openbaar dat sy deur God gestraf gaan word.
  - Hoofstuk 17 teken die besondere aard van hierdie mag.
- Hoofstuk 18 sluit aan by Hoofstuk 17:1 en openbaar die voltrekking van die straf.
  - Die oordeel wat hierdie mag uit God se beskikking tref, word breedvoerig geopenbaar.

'n Engel (natuurlik in opdrag van God) behartig hierdie deel van die openbaring.

- Blykbaar het Johannes nie alles verstaan wat aan hom geopenbaar is nie.
- Daarom het die engel die dinge vir hom verklaar van vers 7 af.

**Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.**  
(Openbaring 17:7 AFR1953)

Tot nou toe is die wêreldgeskiedenis voorgestel in reekse van gebeurtenisse. Dit gebeur van hoofstuk 6 af tot by hoofstuk 16.

- Hoofstuk 17 begin om ander besondere verskynsels te openbaar.
- Die Here openbaar hoe die donker mag wat altyd op die wêreldgeskiedenis ingewerk het, tot 'n einde kom.
- Die openbaring het 'n baie skerp toegespitstheid/fokus:
  - Daardie mag kom tot 'n einde deur die hand van die Here.
  - Die oordeel van die Here roei dit heeltemal uit.

Die slegte vrou/hoer wat nou verskyn, is nie heeltemal dieselfde as die dier nie – daar is wel 'n baie sterk onderlinge verbondenheid tussen hulle.

- Vers 3 en 16 openbaar dat die vrou op die dier sit en ook dat daar uiteindelik haat en spanning tussen die vrou en die dier ontstaan.

**En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.**  
(Openbaring 17:3 AFR1953)

**En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.**  
(Openbaring 17:16 AFR1953)

- Dit openbaar weereens die innerlike en onderlinge verdeeldheid wat deurentyd onder die duiwel se magte bestaan.

Die hoer en die dier kom in dié opsig ooreen dat hulle al twee 'n bepaalde wêreldmag verteenwoordig.

- Hierdie wêreldmag word veral deur die dier verteenwoordig.
- Tog kom die hoer ooreen met een van die koppe/konings van die dier (vers 10-11).

**En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.**  
(Openbaring 17:10, 11 AFR1953)

- Maar die hoer is nie identies met die dier nie, want die agste koning is die eintlike antichris (vers 8)

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. (Openbaring 17:8 AFR1953)**

Die hoer staan ook in verband met 'n wêreldstad, naamlik Babilon.

- Dié stad het in die verloop van baie eeue deel gevorm van verskillende wêreldryke.
- Al hierdie wêreldryke wat mekaar opgevolg het, het aanbidding van God verwerp en was toegewyde afgodsdienaars.
- Hulle het ook die mense oor wie hulle regeer het, tot sondediens verlei (gedwing deur wetgewing!).
- Babilon staan dus vir 'n antichristelike mag wat met besondere dwang oor mense geheers het.

Aan die ander kant moet die hoer onderskei word van die dier.

- Sy is nie fisies deel van die dier nie – sy sit op hom! (v. 3, 7, 8, 9, 16)

**En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. (Openbaring 17:3 AFR1953)**

**Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra. (Openbaring 17:7 AFR1953)**

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. (Openbaring 17:8 AFR1953)**

**Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. (Openbaring 17:9 AFR1953)**

**En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. (Openbaring 17:16 AFR1953)**

- Die dier simboliseer 'n samestelling van antichristelike magte wat aan die einde van die tyd sal heers en bestaan.
- Net so simboliseer die vrou nie een persoon of een enkele mag nie – sy simboliseer een faset van die dier se magte en werking.
- Sy is Babilon = 'n stad met baie mense (karakters en strukture!).

## **Vers 1, 2**

**En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.**

Hierdie visioen word vir Johannes aangebied deur een van die sewe engele wat die sewe stukke van God se oordeel moet uitvoer.

Hy roep Johannes nader na hom toe: Kom hierheen!

- Dit wat Johannes sien, laat hom met totale verstomming.

- So veel dat hy dit ook nie kan verstaan nie (ek dink enige ou man wat meteens 'n hoer sien, sal die besigheid nie kan verstaan nie! – des te meer nog as sy sit op so 'n wilde rydier as die dier wat God teenstaan!).

Omdat die visioen vir Johannes (ten minste gedeeltelik) onverstaanbaar is, verduidelik die engel alles vir hom (vers 7).

Dit wat Johannes alles in hoofstuk 17 sien, is die bysaak.

- Die hoofsaak is die oordeel en finale verdelging wat in hoofstuk 18 beskryf word.
- Maar om die finale oordeel te kan verstaan, moet die bysake ook eers gesien en verklaar word.
- Daarom word die wese van die vrou eers ten volle geopenbaar.

### ... die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit ...

Die baie waters is die simbool van die talle volke en nasies wat op die aarde is. Die Here verklaar dit self so:

**En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.** (Openbaring 17:15 AFR1953)

Hierdie groot hoer beheers dus letterlik alle volke – haar invloed is by almal te sien.

Vergelyk die baie waters as simbool van die volkemassas in die volgende:

**kyk, daarom sal die Here oor hulle laat opkom die sterk en magtige waters van die Eufraat – die koning van Assur en al sy heerlikheid – en hy sal bo al sy beddings styg en gaan oor al sy walle;** (Jesaja 8:7 AFR1953)

**So sê die HERE: Kyk, die waters rys op uit die noorde en hulle sal 'n oorlopende stroom word; ja, hulle oorstroom die land en sy volheid, die stad en die wat daarin woon; en die mense sal skreeu, en al die inwoners van die land sal huil,** (Jeremia 47:2 AFR1953)

**Die riviere, o HERE, het verhef, die riviere het hulle gebruik verhef; die riviere verhef hulle geraas! Meer as die gebruik van groot, geweldige waters, van die golwe van die see, is die HERE geweldig in die hoogte!** (Psalm 93:3, 4 AFR1953)

**En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.** (Openbaring 13:1 AFR1953)

Hierdie vrou (mag!) word hoer genoem omdat daardie mag die mensdom gedwing/verlei het om geestelik van God af weg te hoereer.

- Die woord **hoereer** het sterk betekenis:
  - Die mensdom is aan God verbind – hulle is aan Hom onderwerp as sy skepsele.
  - Hulle het hulle egter nie aan God onderwerp as hulle Here nie – hulle het Hom verwerp.
- Die woord **hoereer** veronderstel dat daar 'n plaasvervanger in die plek van die Here was.
- Die plaasvervanger was 'n skepsel – hierdie hoer wat die mense verlei het om skepsele en hulle ideologieë aan te hang eerder as om die Here te dien en te aanbid.

Hierdie hoer is nie 'n vrou wat jy oor haar hoereervermoëns behoort te onderskat nie.

- Die Here noem haar **die groot hoer!** Sy het baie mense weggehoereer van die Here af!
- Sy het die mense verlei met die sondes van verdrukking; vervolging; teregstelling.

**En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.**  
(Openbaring 17:6 AFR1953)

Elke mens wat die Here aanbid het en wat aan sy evangelie vasgehou het, is deur hierdie ellendes!

*Onder diegene wat almal vir haar hoerery (wêrelddiens, wêreldgelykvormigheid, Godsverwerping) geval het, is alle magtiges en konings! Die heersers van die hele wêreld!*

Vergelyk hiervoor:

**omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.** (Openbaring 18:3 AFR1953)

**En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,**  
(Openbaring 18:9 AFR1953)

### **Vers 3**

**En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.**

### **Vers 4**

**En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;**

### **Vers 5**

**... en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**

Die engel voer Johannes **in die gees** ver weg na 'n **woestyn** toe.

Let dadelik op dat die Here die beeld/visioen wat Johannes nou al ken, in twee verdeel!

- Johannes het hierdie dier al vantevore gesien waar dit uit die water opkom!  
**En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.**  
(Openbaring 13:1 AFR1953)
- In vers 15 verwys die engel ook weer na hierdie visioen van Openbaring 13:1.
- Nou sien Johannes hierdie selfde dier in 'n woestyn! Waarom?
  - Omdat die Here met hierdie visioen die gevolge van hierdie dier se werke aan Johannes openbaar – sy werke vat hom na die woestyn toe – die ewige dood!

Die woestyn is die simbool van die vrou en die dier se droewige en hartseer uiteinde!

- Dit profeteer dat al haar wellustighede op die lang duur vir haar net dorre leegheid veroorsaak het!
- Die woestyn simboliseer die dood omdat dit 'n plek is waar daar geen lewe en vooruitgang is nie.
- God is ook nie daar nie – die wat deur sy vloek getref word, gaan daarheen!

**En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.** (Matteus 12:43 AFR1953)

Johannes sien 'n vrou wat op hierdie dier sit! Dis twee dinge wat jy glad nie saam verwag nie!

- Daarmee openbaar die Here dat magte wat nooit kan saamwerk nie, mekaar tog vind en saamwerk wanneer hulle teen Hom saamspan!
- Dis ook nie vreemd nie, want om die Here Jesus gekruisig te kry het die Fariseërs, Sadduseërs en die Romeinse soldate (heidene) saamgewerk.

Die dier waarop die vrou sit, het 'n paar uitstaande kenmerke:

- Die dier is skarlakenrooi (opeenstapeling! *Skarlaken* is ook *rooi!*).
- Hy het baie name wat op hom geskryf/getatoeëer is (Ek het nog altyd gewonder oor hierdie wilde manne wat hulle liggame so vol tekens en wat alles tatoeëer!)
- Al hierdie name is Godslasterlik (blasfemies!)
  - Wat beteken *Godslasterlik*?  
Die HAT sê: ontoring van God; bespotting van wat heilig is.  
Oxford sê min of meer dieselfde: profane or sacrilegious talk about God or sacred things (*sacrilege* meaning: violation or misuse of something regarded as sacred or having great value).
- Daarby het die dier sewe koppe en tien horings.

Die betekenis van die skarlakenrooi (*kókkinin*):

- Normaalweg: weelde, prag, koninklikheid.
- Die betekenis hier: die kleur van bloed en bloedvergieting – die bloed van die gelowiges wat vermoor en vermors word.

Dit sluit aan by die vrou wat op die dier sit – sy drink hierdie bloed (**dronk geword van die bloed van die heiliges!** vers 6).

- Sy is dus die aanspoorder en ophitser wat die dier hierdie verskriklike dinge laat doen.
- Haar klere bevestig dit: **die vrou was bekleed met purper en skarlaken**

Wat verder opvallend is, is die ooreenkoms tussen die vrou se kleredrag en dié van die satan!

**... die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad ...** (Openbaring 17:4 AFR1953)

En die duiwel se klere:

**allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou;** (Esegiël 28:13 AFR1953)

Vergelyk Openbaring 17:4 met Esegiël 28:12vv: die profesie teen die koning van Tirus.

Al gaan die profesie teen die koning van Tirus, is dit duidelik dat die HERE die man in sekere opsigte met die duiwel gelykstel:

**So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.** (Esegiël 28:12-15 AFR1953)

Ten opsigte van die vrou kry die rooi kleur (purper en skarlaken) nog 'n betekenis by: Dit simboliseer haar gemeenskap met die dier! Hierdie dier is die satan wat ook 'n derde van die engele in sonde laat val het!

**En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. (Openbaring 12:3, 4 AFR1953)**

Die name van Godslastering wat oor die dier se hele lyf getatoeër is,

- getuig daarvan dat die duiwel die Here (God Drie-Enig) heeltemal verwerp en teen Hom in opstand is, en
- dit getuig van die dier (Satan) se totale goddeloosheid!

Die vrou sit op hierdie dier – dis 'n baie ongesonde verhouding tussen die twee, want daar is sekere woorde wat dit vertel!

- Hoerery
- Dronkenskap
- Naaktheid

Kom ons gee meer indringend aandag aan die vrou:

- Hierdie vrou se kleredrag en al haar versiersels vertel dat sy 'n heerseres is!
- Sy het alles aan (uiterlik) wat haar vir die wêreld 'n vorstin maak!
- Maar daarmee teken die Bybel haar ook as 'n vrou van verleiding!

Sy verteenwoordig 'n bepaalde gesindheid wat in die wêreld is – glans en glinster en sedeloosheid! Dit laat mens dink aan die idioom: Bo blink, onder stink! (Soms lyk 'n ding bolangs goed, maar is binne sleg.)

In die vrou se hand het sy 'n beker vol gruwels. MAAR: Daardie beker is 'n teenpool van die Here se Nagmaalsbeker!

- Die Here se beker is 'n beker van danksegging.
- Dis 'n verlossingsbeker.
- Dis ook 'n beker waarmee die gebruiker sy voortgesette aanbidding en bekering getuig.

Teenoor die Here se verlossingsbeker is die vrou se beker:

- Die vrou se beker is 'n beker van onheil en vernietiging.
- Haar beker is 'n beker van oorgawe aan alles wat wellustig is – deelname aan verkeerdhede, godsdienversaking, ongehoorsaamheid aan die Here.
- Dis 'n doodsbeke – die dood van die hel.

Die vrou koggel die Here, want sy het ook 'n naam op haar voorkop. Kyk wat openbaar die Here van Hom en die name op ons voorkoppe:

**Openbaring 7:3: en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.**

**Openbaring 9:4: En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie.**

**Openbaring 13:16: En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;**

Openbaring 14:1: **En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.**

Openbaring 22:4: **En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.**

Openbaring 20:4: **En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.**

Daarteenoor die vrou se probeerslag:

Openbaring 17:5: **en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**

Kyk na haar name:

- **Verborgenheid**

- Dis nie 'n eienaam nie – dis 'n openbaring van die vrou se wese.
- Die woord verborgenheid vertel ook iets van die misterieë wat altyd in afgodsdienste ingebou word.
- Iets van die kragte van die hel lê ook hierin – dit word beliggaam in die vrou self ('n vrou is in haarself immers 'n misterieuse wese!).

- **Groot Babilon**

- Die naam beskryf die toestand wat daar was toe Babel die Jode verdruk het. Vergelyk Jesaja 13 en 14.

**En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. (Openbaring 14:8 AFR1953)**

- Die naam **Babilon** beteken:

- Die vrou oorweldig en onderwerp alles en almal.
- Sy vertrap God se volk en verset hulle teen God.
- Sy verhef haarself as die goddelike mag.

- **... die moeder van die hoere ...**

- Hierdie naam beteken dat die vrou op die dier die oorsaak daarvan is dat die mense van God afvallig word.
- Sy is 'n instigerende mag in die duiwel se planne om die wêreld van God te vervreem en die gelowiges uit te roei.
- So lei die vrou as deelnemende mag aan die duiwel se werke die hele mensdom – met uitsondering van die uitverkorenes – in die ewige dood in.

## Vers 6

**En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.**

Johannes sien dat die vrou wat op die dier sit, omtrent in 'n toestand is.

- Sy is dronk – eintlik *smoordronk!*
- Die woord wat die Bybel hier in die oorspronklike teks gebruik, beteken iets soos *hewige dronkenskap na 'n swaar drinksessie!* (**Methuoo** – om sterk/kwaai te drink en hewig dronk te wees)

Die vrou het nie drank gedrink wat ons as dronkmaakmiddel ken nie. Sy het mensbloed gedrink. Haar dronkenskap is simbolies:

- Dit simboliseer haar beleving wanneer sy die lidmate van die Here se kerk uitroei – dis vir haar so ekstaties soos dronkenskap.
- Dis waarom die Bybel openbaar dat sy **dronk is van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus.**

Dis die mense wat die evangelie van verlossing deur die Here Jesus aangeneem het en wat dit ook openlik verkondig het!

Dink hier aan Openbaring 14:12 waar die Here onomwonde openbaar dat die gelowiges wat

- *God se gebooie bewaar* en
- wat sorg dat hulle hulle *geloof in die Here Jesus Christus bewaar*
- daarvoor *gaan ly* – natuurlik omdat hulle daarvoor vervolgt gaan word.

**Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.** (Openbaring 14:12 AFR1953)

In Openbaring 1:9 skryf Johannes vir sy lesers dat hy hulle broeder en deelgenoot is in:

- **die verdrukking** en
- in die koninkryk en
- **lydsaamheid** van Jesus Christus.

Dis ook nie nuut nie, want direk nadat ons in sonde geval het, begin die Bybel ons geskiedenis daarmee!

- Dit was onmiddellik die wesenseienskap van die sondegevalle mens dat hy doodmaak as sy geloof verdwaal.
- Ongeloof lei tot vervolging van ware gelowiges.

Genesis 4:8: **En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.**

Daarna het die aanslag van die ongelowiges op die gelowiges geslag na geslag voortgegaan.

- Dink maar aan die konflik wat daar was tussen Jakob en Esau:

Genesis 27:41: **En Esau was Jakob vyandig gesind vanweë die seën waarmee sy vader hom geseën het, en Esau het in sy hart gedink: Die dae van die rou oor my vader is naby; dan sal ek my broer Jakob doodmaak.**



- Tussen Josef en sy broers:  
Genesis 37:20: **Kom dan nou, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en sê: 'n Wilde dier het hom opgeëet. Dan sal ons sien wat van sy drome word.**
- Later het dit 'n deel van die geskiedenis van die kerkvolk geword dat daar altyd ('n) donker mag(te) in die hart van die gelowige volk van die Here aan die werk was. Dink byvoorbeeld hier aan Abimeleg:  
Rigters 9:5: **En hy (Abimeleg) het in die huis van sy vader gegaan, in Ofra, en sy broers, die seuns van Jerúbbaäl, sewentig man, op een klip vermoor; maar Jotam, die jongste seun van Jerúbbaäl, het oorgebly, want hy het weggekruip.**
- Uiteindelik was dit juis daardie styl van die duiwel wat die werkmiddel geword het waarmee hy die Here Jesus veroordeel gekry het en ook laat kruisig het.  
Markus 9:31: **Want Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: Die seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy gedood is, sal Hy die derde dag opstaan.**
- In die boek Openbaring openbaar die Here dat hierdie soort vervolging 'n hoogtepunt bereik in die geskiedenis van die eindtyd – dis ons tyd!

Hierdie vernietiging van die gelowiges word op 'n paar plekke in die boek Openbaring beskryf:

Openbaring 16:5-6: **En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.**

Openbaring 18:21: **En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**

Openbaring 18:23b-24:... **want deur jou towery is al die nasies verlei. 24 En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.**

Kom ons gaan nou terug na die vrou toe wat op die dier sit. Wat het sy alles aangevang?

- Sy maak haar skuldig daaraan om God te oonteer.
- Sy daag die heiligheid van God uit (name op voorkop en beker in die hand).
- Sy verlei die mensdom in sedeloosheid in (hoerery).
- Sy vergryp haar aan die Here se kerk, want sy vermoor die gelowiges – só baie van hulle dat sy selfs dronk word van hulle bloed!

*Vraag:*

- *Kan iemand wat die kerk van die Here uitroei vergifnis kry?*
- *Kan so iemand tot bekering kom?*

*Indien die antwoord: "Ja" is, ken ons so iemand (voorbeeld) uit die Bybel?*

Johannes was baie verbaas oor hierdie welgeklede ryk hoer wat hy op die dier sien sit het.

- Letterlik vertaal, staan daar in die Bybel: *En Ek het my verstom toe ek hierdie groot verstomming sien/bekyk.*
- Die Griekse grond woord dui duidelik aan dat Johannes hierdie enkele keer (aoristus) in stomme onbegrip die vrou gestaan en bekyk het.
- Die grondteks se woord beteken iets soos: *verwonder, verbaas, verstom, perpleks.*

**Vers 7**

**Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.**  
(Openbaring 17:7 AFR1953)

Hierdie keer is dit die engel se beurt om verbaas te wees!

**Waarom het jy jou verwonder (verbaas)?**

- Dis asof die engel gedink het dat Johannes dadelik sou verstaan waaroor alles gaan?
- Dan begin die engel om die dinge vir Johannes te verduidelik.

Hierdie gedeelte van vers 7-18 is inderdaad 'n "inlasgedeelte" waarin die engel aan Johannes die gesig verduidelik.

Openbaring 17:1: **En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,**

**Vraag:**

*In vers 1 sê die engel dat hy die gesig vir Johannes sal wys. Toe verstaan Johannes nie wat hy sien nie. Nou verduidelik die engel die gesig van die vrou wat op die dier sit. Het die engel dit aanvanklik beplan gehad?*

**Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel**

- In vers 1 het die engel aangekondig dat hy vir Johannes gaan wys wat die **vonnis** is wat oor die groot hoer voltrek gaan word. (Dit doen die engel inderdaad eers in hoofstuk 18!).
- Nou begin hy om te vertel – maar hy vertel van die verborgenheid (Grieks: **musterion**) van die vrou.

Wat in die grondteks interessant is, is dat die woord *verborgenheid/misterie* net ten opsigte van die vrou geskryf word.

- Dit word nie van die dier herhaal nie (ook nie eers deur slegs die lidwoord weer te herhaal nie) – met ander woorde, in Afrikaans iets soos: *die verborgenheid van die vrou en dié van die dier*.
- Die Bybel stel dus daarmee dat daar net een verborgenheid is.

**NB**

***Aan die ander kant is dit ook so dat die woord verborgenheid/misterie in die konnotatiewe betekenis van die hele gedeelte, wel ellipties oorgedra word na die dier toe, want daar is nie 'n wesentliche verskil tussen dit wat die vrou doen en voorstaan en dit wat die dier doen en voorstaan nie!***

Dis net in vers 15 en 16 waar daar van die vrou afsonderlik van die dier iets geopenbaar word.

**Vers 8**

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.** (Openbaring 17:8 AFR1953)

Die engel begin om die dier en die dinge rondom hom te verklaar.

- Hy is die laaste verskyning van die antichris en die antichristelike wêreldheerskappy.

Baie eienaardig dat die engel sê: ... **wat jy gesien het** ...

- Dit laat die vraag ontstaan of die gesig al verby was toe die engel begin verklaar het wat aangaan.

Die dier word beskryf as ... **was en is nie...**

*Die woorde waarmee die dier voorgestel word, plaas hom in perspektief teenoor die Here – veral omdat die duiwel homself dikwels in terme van die Here voorstel, byvoorbeeld met die name wat op die voorkop getatoeëer is.*

Let op hoe die Here Homself met die woorde **Ek is** in die Bybel openbaar. Dit sal die skerp verskil tussen God se **IS** en die dier se **IS** oopvlek:

Eerste in die Ou Testament:

Jesaja 44:6: **So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskaar: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.**

Openbaring 1:4: **Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,**

Die Here wat ewig bestaan, het alles wat bestaan gemaak en onderhou dit – terwyl die dier wat **was en nie is nie**, alles wat bestaan, vernietig en niks van skep nie!

Kyk wat openbaar die Here van Homself:

Jesaja 45:18: **Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het – Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woestyn te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word – Ek is die HERE, en daar is geen ander nie.**

Kyk in die Nuwe Testament vir al die **Ek is** uitsprake wat die Here Jesus maak:

- Hierdie **Ek is** uitsprake van die Here Jesus, is soos al die ander **Ek is** uitsprake parallel met die **JHWH** uitsprake in die Ou Testament!
- **JHWH** is die verbondsnaam van God wat Hom terselfdertyd in sy ewige bestaan beskryf.

Hier is enkele van daardie uitsprake:

Johannes 6:35: **En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.**

Johannes 8:12: **En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.**

Johannes 10:9: **Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.**

Johannes 10:11: **Ek is die goeie herder.**

Johannes 11:25: **Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;**

Johannes 15:1: **Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.**

Johannes 15:5: **Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.**

Dan is daar die aantal uitsprake in Openbaring (wat almal in hierdie Bybelstudies deurgewerk is) wat God in sy ewige bestaan beskryf:

Openbaring 1:8: **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.**

Openbaring 1:19: **Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur;**

Openbaring 4:8: **En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!**

Openbaring 11:17: **Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.**

Openbaring 16:5: **En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;**

Ten opsigte van die dier beteken die woorde **wat was en nie is nie**, dat hy wel op die aarde was, maar uiteindelik vernietig is (deur die oordeel van die Here).

- Die dier was dus wel op die aarde en hy het wel geheers en slegte dinge gedoen – terugskouend van die einde af terug in die tyd in.
- Maar wanneer die Here Jesus (die Lam van God) kom, is hy nie meer nie – omdat die oordeel van God oor hom voltrek is en God hom vernietig het.

Oor die dier word die volgende in die boek Openbaring geskryf:

- Hy is die een wat uit die afgrond uit opgekom het:

Openbaring 9:1: **En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.**

Openbaring 9:2: **En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.**

Openbaring 9:11: **En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.**

- Die dier gaan ook weer na die afgrond toe terug waar hy vir ewig verseël gaan word!  
Openbaring 20:1: **En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**  
Openbaring 20:3: **...en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.**
- Dis waarom Openbaring 17:8 openbaar:  
**(Die dier) ... sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar;**

Die afgrond is – in plat Afrikaans – die hel. Dis die plek waar die duiwel en elke skepsel en mag wat hom gedien het en met hom saamgewerk het, uiteindelik beland.

Openbaring 19:20: **En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**

Openbaring 20:1-3: **En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. 2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, 3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.**

Die hel is 'n plek waar die genade daarvan dat mens kan sterf, diegene wat daar is ontwyk. Hulle pyn is ewig en onophoudelik en ondraaglik. Lees wat sê die Here Jesus self in Markus 9:

**En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, 44 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. (Markus 9 ;43, 44 AFR1953)**

Dieselfde beginsel van ewige, onsluimerbare en onsterflike lyding kry ons ook in die volgende verse:

**Openbaring 20:10: En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

**Openbaring 20:14: En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**

Die Here lig ons meer kere in en waarsku ons teen die dier/antichris. Lees byvoorbeeld die volgende Skrifgedeeltes:

**2 Tessalonisense 2:1-4: Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie – deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees – asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**

**Daniël 8:23-25: Maar aan die einde van hulle heerskappy, as die goddelose die maat volgemaak het, sal 'n koning optree, hard van aangesig en wat listige streke verstaan. En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges. En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onverwags vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste, maar hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word.**

**Openbaring 13:3-4: En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?**

Die grootste gedeelte van die aarde se bewoners gaan hulle verwonder aan die dier en alles wat hy aanbied.

- Hulle gaan hom aanbid asof hy God is.
- Die Here openbaar wie daardie dwase mense is! Dis almal wie se name nie in God se lewensboek geskryf is nie.

**Openbaring 13:8: En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.**

Die laaste woorde van die vers is: ... **hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**

Die woorde beteken dat daardie valse aanbidding gaan plaasvind in die tyd wat die dier op die aarde regeer: **alhoewel hy is.**

Maar die vorige woorde onderstreep sy beperktheid en sy ondergang deur die Here.

- Dis ook waarom daardie woorde eerste staan: al regeer hy vir 'n tyd op die aarde, gaan dit nie die ewigdurendheid hê waarop dit aanspraak maak en deur die wat nie in die lewensboek is nie, aanvaar word nie.

Hy eindig met ... **nie is nie** ... want hy loop hom te pletter teen die Here!

### Vers 9, 10

**Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly.** (Openbaring 17:9, 10 AFR1953)

Die Griekse woord wat in Afrikaans met **verstand** vertaal word, is **nous**.

- Daardie woord beteken meer as *verstand (breins)* – dit beteken ook *siel*.
- Dit sou moontlik wees om te sê dat daardie woord eintlik beteken: Die *verstandige mens wat wysheid het*.

Die mens met insig en wysheid, sal aandag gee aan die openbaring van die Here wat volg (= die **hier** aan die begin van vers 9).

- So 'n mens gaan kyk wat is die betekenis van die dinge wat die Here openbaar – hy sal begrip daarvoor hê.
- Hierdie woorde beteken dus dat hierdie dinge wat nou geopenbaar word, nie net sommer maklik verstaan kan word nie – net die mens (siel/verstand) wat wysheid het, sal hierdie dinge kan begryp.
- Dit beteken dus dat daar ook mense is wat nie die verstand/insig het om die dinge van God te verstaan nie.

Hierdie onverstandige mense sal ook nooit die openbaringe van die Here kan verstaan nie. So vreemd is dit ook nie. Dink aan die Here Jesus se eie woorde:

**Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.**

(Matteus 13:11 AFR1953)

**Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is.**

(Matteus 19:11 AFR1953)

**En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse,** (Markus 4:11 AFR1953)

**Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;** (Johannes 1:12 AFR1953)

**Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.** (Johannes 3:27 AFR1953)

Die engel se verduideliking is dus dat slegs die mense wat (God se) wysheid besit, hierdie openbaring kan verstaan.

*Vraag: Wat dan van Johannes? Hy kon dit nie sonder verduideliking verstaan nie!*

Die engel verduidelik verder:

**Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.**

- Die Statevertaling (en daarna talle Skrifverklaarders) verklaar dat die **sewe koppe** die land of volk waaruit die antichris gaan opstaan, simboliseer.
- Die sewe koppe is omdat die *antichris* die *ware Christus* naboots wat uit Israel opgestaan het – sewe is die getal van God in sy volheid wanneer Hy sy werke afhandel.

Die **sewe berge waar die vrou op sit** word dadelik met Rome verbind omdat Rome (destyds – ek weet nie of dit vandag nog so is nie) op en oor sewe heuwels gebou was. Net vir die interessantheid vir diegene wat van geskiedenis hou: Die sewe heuwels se name was: *Capitolinus, Palatinus, Caelius, Aventinus, Esquilinus, Viminalis* en *Quirinalis*.

- Die vrou (en daarmee Rome) kom ooreen in sover hulle – ten minste in die tyd van Johannes – die antichris se leer en werke geleer en gedoen het.
- Rome was ook 'n wêreldstad waaruit die hele destydse wêreld regeer is, soos wat die antichris uiteindelik vanuit 'n wêreldstad sy ryk teen die Drie-Enige God bou en bestuur.

Uit hierdie verklaring van die engel is dit duidelik dat die vrou en die dier eintlik in wese dieselfde mag voorstel.

Daar is Skrifverklaarders wat die woorde ... **en hulle is sewe konings** ... probeer verbind met die Romeinse keisers wat mekaar opgevolg het, maar hulle verklaring skiet – volgens hulle eie bekentenis – tekort.

- Dis opmerklik dat die Here geen konings se name noem nie – daarom sou dit baie gevaarlik wees as ons die openbaring aan bepaalde name wil gaan vasmaak.
- Wat by hierdie konings in gedagte gehou moet word, is dat die Here openbaar dat aan die einde van die vyf konings se tyd, die aarde se geskiedenis verby is!
- Daar kan dan nie meer ander konings (regerings?) kom nie
- Daarna begin die hiernamaals!

*Al wat ons met sekerheid uit hierdie openbaring weet, is dat dit ryke gaan wees wat aan bewind gaan kom en wat die een na die ander sal ondergaan – totdat die laaste een se tyd uitgedien is.*

Die ryk wat deur die Here Babilon genoem word, is die heel laaste ryk wat in beheer gaan wees en dan tot 'n val kom. Vergelyk hiervoor:

**En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,**  
(Openbaring 18:2 AFR1953)

Hoe lank gaan hierdie ryk(e) regeer?

- Ons kan dit nie bepaal nie, behalwe om te sê dat dit in die Here se oë maar 'n baie kort tydjie gaan wees.
- Die Here sê die tyd tussen hemelvaart en wederkoms is 42 maande (1 260 dae). In ons berekening is dit 'n skamele drie en 'n half jaar.

## **Vers 11**

**En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.** (Openbaring 17:11 AFR1953)

Die belangrike punt van hierdie gedeelte van die openbaring is dit: Ons moet ons nie blind staar teen die konings/wêreldryke nie – so asof dit in die eerste plek oor die konings/wêreldryke gaan nie.

- Agter al hierdie konings/regerings sit die dier.
- Hy is die brein/verstand/mag/dryfveer van die valse Christus (oftewel antichris). Dis sy regering wat deur die verskillende magte uitgeoefen word – en uiteindelik tot niet gaan.

Die woorde **gaan na die verderf** is die mikpunt!

- In ons dogmatiek is een van die dinge wat ons vra: Waar gaan die raad van God met ons heen?
- Daarop antwoord ons:
  - Die oprigting van God se koninkryk en
  - die neerwerping van die bose!

Dis waar hierdie magte eindig. Die Here openbaar dit:

**En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, (Openbaring 20:1, 2 AFR1953)**

## Vers 12

**En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.**  
(Openbaring 17:12 AFR1953)

Die tien horings is ook konings. Hulle sal ook oor lande/ryke regeer.

- Die engel verduidelik dat die tien konings nog nie bestaan nie.
- Hulle sal iewers in die toekoms in die geskiedenis 'n staanplek kry.
- Hulle ryke is ook nog nie tot stand gebring nie – dit moet ook nog kom.

Net so is die verskyning van die antichris ook nog nie ten volle ontwikkel nie. Hy gaan onder andere hierdie tien konings gebruik om sy mag op sy voete te kry.

Die konings sal elkeen vir een uur lank saam met die dier regeer. Die grondteks volg 'n tydskonstruksie wat baie belangrik is om te verstaan.

- As die Grieks wil sê **wanneer** of **hoe laat**, dan word die tyd in die datief aangedui.
- As die Grieks wil sê **hoe lank iets gaan aanhou**, dan word die akkusatief gebruik.

In hierdie vers word die een uur in die akkusatief gestel.

Dit sal bitterlike kort tydjes wees wat die konings elkeen sal regeer.

- Die Here stel die tyd nie in dae of in maande voor, soos in die ander gesigte, nie.
- Dit sal net een uur lank aanhou – bitterlik kort!
- Dis met ander woorde ryke/konings wat verskyn en verdwyn!

## Vers 13, 14

**Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**  
(Openbaring 17:13-18 AFR1953)

Die tien konings het net een doel: Hulle wil die Here Jesus en sy uitverkorenes vernietig. Hulle het dus een en dieselfde doel voor oë.

*Vraag: Leef die tien konings gelyktydig op die aarde?*

Om hulle doel te bereik, verbind al tien die konings hulle met die antichris.

- Dit beteken dat hulle hulle magte en hulle krag tot beskikking van die dier stel.
- Wanneer hulle hulle oorgee aan die dier, beteken dit ongetwyfeld dat hulle ook hulle geloof en vertroue aan die dier onderwerp; hulle is dus sy aanbidders.



- Maar die dier/antichris is ook hulle aanvoerder en die strateeg wat die beplanning teen die Lam uitwerk.

Sal die antichris en sy magte sukses hê? Die antwoord is: Ja. Dink hier aan die volgende dinge wat die Here reeds geopenbaar het:

Openbaring 11:7-8: **En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.**

Openbaring 13:6-7: **En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.**

Openbaring 13:15-17: **En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.**

Aan die einde blyk dit dat die Satan en sy magte geen sukses gehad het wat verder as net die aarde gegaan het nie!

Aan die einde verskyn die Here Jesus en Hy verslaan hulle.

Openbaring 19:19-21: **En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

2 Tessalonisense 2:7-10: **Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; 8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

Die woorde **Hy is die Here van die here en die Koning van die konings** is natuurlik woorde wat uit die Ou Testament kom:

Deuteronomium 10:17: **Want die HERE julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie;**

Die Nuwe Testament gebruik hierdie saamgestelde Naam van die Here net so:

1 Timoteus 6:15: **wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here,**

Openbaring 17:14: **Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

Openbaring 19:16: **En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.**

Wanneer die Here Jesus dus aan die einde van die tyd verskyn en teen die Antichris/dier optree, openbaar Hy dat Hy presies is Wie Hy al die eeue deur openbaar het dat Hy is:

**Hy is die Here van die here en die Koning van die konings**

Saam met Hom is daar 'n triomferende skare van mense. In die openbaring van die Here het hulle baie name en beelde waarmee hulle benoem en uitgebeeld word:

- Uitverkorenes
- Gemeente
- Volk
- Kudde
- Bruid
- Geliefde kinders
- Getroues, ens.

In hierdie openbaring van wat gebeur wanneer die laaste strale van die laaste dag se son oor die skepping skyn, beskryf die Heilige Gees die skare mense so: **die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

Die Here openbaar dus hier aan Johannes dat die Here die beloftes wat hulle geken het, waar maak!

Romeine 8:30: **en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.**

Kyk na elkeen van die woorde wat die engel gebruik om die mense wat saam die Lam is, te beskryf:

### **Geroepe**

want God het hulle name uitgeroep dat Hy hulle liefhet en dat hulle na Hom toe moet kom. Dink aan die volgende Bybelgedeeltes waar die woord **geroepe** voorkom:

Romeine 1:1: **Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God –**

Romeine 1:7: **aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!**

1 Korintiërs 1:1: **Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Sósthenes,**

1 Korintiërs 1:2: **aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Here:**

Hebreërs 9:15: **En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.**

### **Uitverkore**

want God het hulle voor die skepping al uitverkies.

Efesiërs 1:4: **soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,**

Esegiël 20:5: **en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Die dag toe Ek Israel uitverkies het, het Ek my hand opgehef vir die geslag van die huis van Jakob en My aan hulle bekend gemaak in Egipteland; ja, Ek het my hand vir hulle opgehef en gesê: Ek is die HERE julle God.**

Handelinge 9:15: **Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.**

1 Timoteus 5:21: **Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie.**

1 Petrus 1:2: **uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!**

1 Petrus 2:4: **Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is;**

1 Petrus 2:6: **Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.**

1 Petrus 2:9: **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,**

2 Johannes 1:1: **Die ouderling aan die uitverkore vrou en aan haar kinders -- wat ek in waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het;**

2 Johannes 1:5: **En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u 'n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.**

2 Johannes 1:13: **Die kinders van u uitverkore suster groet u. Amen.**

Openbaring 17:14: **Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

Die Here openbaar dat hierdie klomp uitverkorenes swaar tye op hierdie aarde sal deurmaak voordat Hy kom!

Markus 13:20: **En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.**

Dit is dus mense wat onder die uiterste druk steeds hulle liefde vir God en hulle geloof sal bly beoefen.

## **Vers 15**

**En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.** (Openbaring 17:15 AFR1953)

Die beeld van die **waters** kom nou vir die eerste keer na vore. Dis waar dat die dier al vantevore aan Johannes geopenbaar is. Toe het die dier uit die see (waters) opgekom.

Openbaring 13:1: **En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings,**

Die beeld wat hier ter sake is, is dat die vrou en die dier in die woestyn is.

- Let op dat die openbaring in hoofstuk 17 begin deur die skakeling te maak met die gesig van hoofstuk 13.

- Maar dan verskuif die gesig dadelik na 'n woestyntoneel toe. Die dier is toe nie meer in die see nie.

Openbaring 17:1-3: **En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.**

*Vraag: Van die Skrifverklaarders meen dat hier sprake kan wees van 'n watergat of 'n meer in 'n woestyn. Kan dit?*

Die baie waters is baie volke en baie nasies.

- Dus: Baie mense gaan deelneem aan die antichris en sy werke.
- Dit gaan nie net enkelinge wees nie – totale volke en nasies (bevolkingsgroeperinge) gaan loshande agter die antichris aanloop.
- Om die veelheid/grootheid van die getal mense aan te toon, gebruik die Here hier 'n opeenstapeling van woorde: **volke en menigtes en nasies en tale.**

Die tale is om aan te toon dat daar 'n onbeperktheid is in die antichris se aanbidding en navolging van sy werke.

- Dis natuurlik ook weer 'n nabootsing van dit wat die Here gedoen het tydens die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag!
- Die antichris sal iets soortgelyks onder die mense hê – hy sal ook in baie tale gevolg en gehoor word.

Die Here beklemtoon hiermee dat die antichris vanuit 'n wêreldmag en 'n wêreldryk gaan opereer.

*Vraag: Sal hy ook 'n webwerf hê met vertalings van al sy dinge?*

## Vers 16

**En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.** (Openbaring 17:16 AFR1953)

Hierdie vers is belangrik, want dit beklemtoon weereens die onderlinge verdeeldheid wat daar in die duiwel se ryk bestaan.

- Daar is altyd 'n onderkruipery van mekaar en 'n gekantkiesery en verdeeldheid.
- So groepeer die konings saam teen die vrou.

Die vrou verteenwoordig 'n deel van die wêreldmag.

- 'n Ander deel van die wêreldbevolking draai hulle rug op die vrou en die dinge waarvoor sy staan.
- Dan ontstaan daar baie binnegevegte en bloedige nagaandigheid.
- Let op na woorde soos: **haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.**

Die antichris se binnegroeperinge werk dus met onbeskryflike agterbaksheid.

- Hulle het geen liefde vir mekaar nie.
- Dis eie aan mense wat nie die beeld van God vertoon nie.
- Maar dis ook eie aan die duiwel om so onklaarkomstig met alles en almal rondom hom te wees – sodat hy alleen kan probeer bo uitkom.

Kyk veral na die beskrywing wat dit duidelik maak dat die tien konings aanhou totdat hulle die vrou kompleet en finaal vernietig het.

### Vers 17

**Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is.**

(Openbaring 17:17 AFR1953)

Wat hierdie vers belangrik maak, is dat dit openbaar dat daar tog dissipline in die antichris se beplanning is!

- Hulle werk saam aan 'n plan wat hulle saam uitwerk en saam struktureer: **een bedoeling uit te voer**

Let veral daarop dat God in beheer is: **God het dit in hulle harte gegee**

- Wat is dit wat God in hulle harte beskik? God beskik dat die tien konings **sy** (die dier/antichris) **bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer.**
- Die Here bewerk dus eenheid onder sekere magte in die hel.
- God beskik dus dat die duiwel se magte verdeeld is en mekaar vernietig – tot eer van God!

Hoe lank hou hierdie onderlinge verdeeldheid in die hel aan?

**... van God volbring is.**

Hierdie magte het 'n duidelike doel en ook 'n duidelike begrening.

- Hulle doel is om die raad van God te volbring.
- Hulle begrening is dat hulle nie buite die wil/raad van die Here kan beweeg nie.

### Vers 18

**En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.** (Openbaring 17:18 AFR1953)

Die vrou is die simbool van die wêreldstad of wêreldsentrum waarvandaan die antichris sal regeer – 'n stad soos wat Rome of Babel destyds was.

- Dis waarom die stad in die gesig Babel genoem word.
- Die Here noem dit 'n **groot** stad, omdat daar van hierdie stad af baie invloede uitgaan in die eindtyd.
- Dit sal ook 'n stad wees waarin strukture gehuisves sal wees wat **heerskappy** oor die aarde gaan uitoefen.